XHARIEP DISTRIK

AFRIKAANS HUISTAAL GRAAD 12

VRAESTEL 2

JUNIE 2011

80 PUNTE

Instruksies:

1. Die vraestel bestaan uit drie afdelings, nl.:
   Afdeling A : Poësie
   Afdeling B : Prosa
   Afdeling C : Drama

2. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.

3. Beantwoord VYF vrae:
   Afdeling A : Drie vrae
   Afdeling B : Een vraag
   Afdeling C : Een vraag

4. Nommer die antwoorde korrek en beantwoord alle vrae in volsinne, tensy anders vermeld.

5. Beantwoord elke afdeling op 'n nuwe bladsy.

6. By Afdeling B en C moet jy een opstelvraag en een kontekstuele vraag kies om te beantwoord, d.w.s., indien jy Vraag 7 kies, MOET jy ook Vraag 10 doen en indien jy Vraag 8 kies, MOET jy ook Vraag 9 doen.

Afdeling A [40 punte]

Versjoernaal **-** L Malan, e.a.

Beantwoord die vrae soos volg:

- Vraag 1 tot 4 : Enige twee vrae.
- Vraag 5 tot 6 : Een vraag.

Let Wel: Beantwoord enige TWEE vrae uit vrae 1 tot 4:

Vraag 1

Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord daarna die opstelvraag:

Een sprong vir ... **Joan Hambidge**

1 Jy wil weet
2 waarom herstel ek nie –
3 want jy het my die maan,
4 sterre en uitspansel beloof.

Jy stuur my na die maan
en à la Neil Armstrong beweeg
ek in die lugdrukvrye atmosfeer,
karteer die kraters, die stil verwoesting
wat jy saai, plant ‘n vlaggie van rekapitulasie
(dis verby, dis verby, dis ...) op die klein silw’rige planeet.

Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
wys my foto’s vir diegene wat wil sien,
neem stukkies maankors saam
en weet ná maande
die maan is hiér.

Jy wil weet
waarom vergeet ek nie –
omdat ek weet die maan
is beslis nie van kaas.

Uit*: Kriptonemie*, 1989

In *Een sprong vir ...* verwoord die spreker haar seerkry ná ‘n gebroke verhouding. Bespreek die verwysings na die maan as bindende motief in hierdie gedig in ‘n opstel van 250 – 300 woorde. Gebruik gerus die volgende indeling:

- Verklaar die verwysing na die maan in die titel en strofe 1 binne konteks van die gedig.
- Gaan alle direkte en indirekte verwysings na die maan in strofes 2 en 3 na. Stel jou bevindinge/interpretasie in ‘n paragraaf van ongeveer 12 reëls.
- Watter betekenis verkry die verwysing na die maan in die slotstrofe?

Vraag 2

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:

‘n tipe epistomologie van water - Breyten Breytenbach

Die hemel was somber suf van die gietende reën
skeef gearseer, gebuig deur windstrome ...
Dit was getint in vuur se kleure voortgebring uit bliksemskigte
wat die wolke gereep en verfladder het, die fakkels
waarvan die groot waters oor die oorspoelde valleie
geslaan en oopgekloof het, en waar dié ontbloot is
het die omgebuigde boomkruine sigbaar geword in die dieptes ...
dat jy daar kon sien saamgewriemel op die baie bergspitse
allerlei diere die marmotjies die girafs die skuifelende reptiele
oplaas getem met die peupel mans en vroue wat boontoe
gevlug het met kind en kraai. En die landerye
onder water se brandertoppe was besaai van tafels,

katels, arke, balies, kosyne, stompe, karavane, vrieskaste,
katederS, kroegtoonbanke en ‘n flottielje vlotte
saamgeflans in nood en vrees vir die dood
(so glibberig, so log), waarop ‘n norring vare en moere met kroos
kon hurk terwyl hulle arpeggio’s eoniese krete
en verwyte en jammerklagte uiter, lamgeslaan
deur die wind se woede wat die waters laat rol
laat rol laat rol het ... tesame met die glinsterende
groen lyke van die verdrinktes, ‘n mompeling
van dooie vleis weer en weer en weer ...

Uit: *Die ongedanste dans,* 2005

2.1 Die titel van die gedig verwys na ‘n soort kennisteorie oor water en die spreker wil dit aan die leser oordra. Watter **boodskap** moet die leser duidelik verstaan oor water (ná die lees van die gedig)? [1]

2.2 Die gedig bestaan uit drie sinne, bv. die inleiding tot die ramptoneel word in r. 1 en 2 uitgebeeld. Wat word in die tweede sin (r.3-11) uitgebeeld? [1]

2.3 Identifiseer die woorde in r.1 - 2 wat aandui dat die reën skuins val as gevolg van die sterk wind. [1]

2.4 Watter klanke in r.7 dra by tot die skep van ‘n atmosfeer van dreigende gevaar? [1]

2.5 Watter inligting in r.11 – 16 bevestig dat huise ook weggespoel het? [1]

2.6 Wat sou ‘n moontlike oorweging vir die spreker in die gedig kon wees vir die woordkeuse “arpeggio’s” in r.17? [1]

2.7 Hoe beïnvloed die woord “eoniese” (r.17) die leser se ervaring van die mense op die vlotte? [1]

2.8 Die mense op die vlotte was “lamgeslaan/ deur die wind se woede wat die waters laat rol laat rol laat rol het” (r.18/19). Skryf jóú interpretasie van die personifikasie in hierdie reël neer. [1]

2.9 Lyke is nie normaalweg “groen” (r.21) nie. Wat, dink jy, het die spreker waarskynlik hier in gedagte gehad? [1]

2.10 In die slotreëls verwys die spreker na “’n mompeling van dooie vleis” – iets wat tog nie sin maak nie. Wou die digter die leser probeer beïndruk met sy dramatiese woorde? Of het hy dalk iets spesifieks aan die leser probeer oordra? Gee jou eie verklaring vir dié beeld in een of twee volsinne. [1]

Vraag 3

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:

Busrit in die aand - Elisabeth Eybers

Elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.
Skaduwee-skimme gly verby … Dis laat
en lang ligvaandels wapper oor die straat
soos oor ’n dam die blinkpad na die maan.
Ons ploeg deur stormsee met ons kaperskuit:
die stuurman aan die wiel, die passasiers die buit
wat ons as slawe huis toe bring vanaand …
Die vaartuig waggel afdraand, om die draai,
met skril gekners en skommelende swaai,
en hyg en skok en snork en swoeg opdraand
terwyl ons, soos twee kinders opgetoë,
mekaar toelag met glinsterende oë …
Asof hul jammerlik hul lot kan raai
sit hulle suf, met monde moeg gesluit,
elk langs sy yl weerkaatsing in die ruit,
die werkers van die stad wat huis toe gaan.

Uit: *Die stil avontuur*, 1939

3.1 In die eerste twee tersines is daar indirekte tydsaanduidings wat by die titel aansluit. Stem jy saam? Bewys jou antwoord met ‘n gepaste aanhaling. [1]

3.2 Watter inligting in die gedig bevestig dat die spreker nie een van die werkers is nie? [1]

3.3 Watter tegniek gebruik die spreker in strofe 1 om die klem op die werkers (r.3) te plaas? [1]

3.4 Haal die reël aan waar die spreker se romantiese verbeeldingsvlug begin. [1]

3.5 Verklaar die ironie in reël 9. [1]

3.6 Bespreek die effek van die polisindeton in r.12. [1]

3.7 Hoe verskil die “ons” in r.7 van die “ons” in r.13? [1]

3.8 Bewys dat die gedig ‘n sikliese verloop het. [1]

3.9 Omskryf die tema van die gedig in nie meer as vier geskrewe reëls nie. [1]

Vraag 4

Lees die onderstaande gedig en beantwoord die vrae wat volg:

Nuus uit die binneland - Peter Blum

Vir Dirk Opperman

Soms in die winter as die reën sag stuif
op grasperke, dig en diep soos ‘n tapyt –
as hy die rotsige bergreeks wegskuif
agter ‘n misgordyn – as voor die ruit
popliere, eike en kastaiingbome drome
saamvloei, en ons versink in blaargroen drome
terwyl ons oor ‘n ou beskawing lees –
dan gryp die onwerklikheid ons met die loop
van waters wat kalmeer, en in die gees
vou grys en sat die graafskap Surrey oop.

Soms in ‘n najaarsdag se skemerty
stap ons in ‘n stil straatjie en gewaar
deur ‘n ou bolig, kunstig uitgesny
in vlegtende patroon van druif en blaar,
die lig van verre dae: Ons word gesluk
soos deur ‘n mond; die luiterse getik
van ‘n ou horlosie vervang ons ontstoke
harte se ritme in die kamerhoek,
en ons gestaltes kwyn tot stywe spoke
in die vernislaag van ‘n Delftse doek.

Maar as die bergwind so rukkerig waai
en tussen ons rondkrap soos ‘n stok
in ‘n miershoop – in die palms blaai
nes ‘n barbaar in ‘n keurige boek –
dan is ons rillend buite alle mure
wat ons opstapel in redelike ure
met doel en plan –
ruik ons droogte en brand, en gerug

29 van sprinkaan, aardbewing en oproer
30 op daardie skroeiende binnelandse lug
31 – dan, dan
32 weet ons op watter vasteland ons boer.

Uit: *Steenbok tot Poolsee*, 1955

4.1 Watter invloed het die s-alliterasie in die eerste vier reëls op die stemming in die gedig? [1]

4.2 Watter een van die onderstaande aangehaalde gedeeltes/reëls uit strofe 1 vorm die hooffokus van dié strofe?

A "as die reën sag stuif op grasperke" (r.1/2)

B "as hy die rotsige bergreeks wegskuif" (r.3)

C "en ons versink in blaargroen drome" (r.6)

D "dan gryp die onwerklikheid ons" (r.8) [1]

4.3 Interpreteer die metafoor "ons versink in blaargroen drome" (r.6) en skryf jou antwoord in 'n enkele volsin neer. [1]

4.4 Verklaar die verwysing na "ou beskawing" (r.7) deur die moontlike verband(e) daarvan met "die graafskap Surrey" (r.10) en die "Delftse doek" (r.20) aan te dui. [2]

4.5 Watter wêreld wil die verteller met sy vergelykings in strofe 3, bv. "soos 'n stok/in 'n miershoop" (r.22/23) en "nes 'n barbaar in 'n keurige boek" (r.24), oproep? [1]

4.6 Vergelyk die titel van die gedig met r.32 en stel dan die verband tussen die twee in 'n enkele volsin. [1]

4.7 "dan is ons rillend ..." (r.25)

Wat was waarskynlik die rede(s) waarom die spreker die woord "rillend" hier gebruik het? [1]

4.8 Was dit 'n goeie idee van die spreker om die bergwind (r.21) met 'n "stok in 'n miershoop" (r.22/23) te vergelyk? Verduidelik jou antwoord in 'n volsin. [1]

4.9 Strofe 1 en 2 se rympatrone kom ooreen. Bespreek die geslaagdheid daarvan om strofe 3 se rympatroon te laat afwyk/verskil van die ander strofes s'n. [1]

-10-

Ongesiene gedig (Verpligtend)

Let Wel: Beantwoord nou Vraag 5 (opstelvraag) **OF** Vraag 6 (kontekstuele vraag).

Vraag 5

CASUAL VICTIM OF THE STRUGGLE - Bernard Odendaal

Solmon Kamohelo Metsing (5/1/1957 – 7/11/1987)

1 Kamohelo Metsing, eens van Pa se plasie Harmonie,
2 loop hom eendag tromp-op teen ‘n oproer om *democracy*.

3 Sy jeugfaam ten spyt (“Ntja”, want hondsnel agter hase),
4 raak hy toe verdrentel in ‘n toyi-ende massa.

5 Boomklim kon hy akrobaties, kat-agtig teen die stam.
6 Daar, eensklaps onhandig, laat hy sy inkoopsakke val.

7 “Namane – grootoog soos ‘n kalf,” het hy my graag geterg
8 en min geweet hoe eendag groot-verras sý blik sou rek.

9 Kortom, hy wat strikke ken en ieder voël kon lok,
10 die kry ‘n dwaalkoeël agterlosig in die kop.

11 Totaal ‘n amateur, verspeel hy daar en dan,
12 aaklig openbaar, die uitgelese rol van martelaar.

13 Ek, wat sindsdien dood probeer te rym met sin en doel,
14 voel my betrap deur daardie klinkklaar antwoord van ‘n koeël.

- *Groot Verseboek, 2008*

Skryf ‘n opstel van 250 – 300 woorde waarin jy die lewensverhaal van Kamohelo Metsing vertel. Gebruik die volgende indeling vir jou paragrawe:

- Sy jeugjare as kind op die plaas.
- Sy dood.
- Die spreker se kommentaar op sy dood.

-10-

OF

<u>Vraag 6</u> **: Kontekstuele vraag**

CASUAL VICTIM OF THE STRUGGLE - Bernard Odendaal

Solmon Kamohelo Metsing (5/1/1957 – 7/11/1987)

1 Kamohelo Metsing, eens van Pa se plasie Harmonie,
2 loop hom eendag tromp-op teen ‘n oproer om *democracy*.

3 Sy jeugfaam ten spyt (“Ntja”, want hondsnel agter hase),
4 raak hy toe verdrentel in ‘n toyi-ende massa.

5 Boomklim kon hy akrobaties, kat-agtig teen die stam.
6 Daar, eensklaps onhandig, laat hy sy inkoopsakke val.

7 “Namane – grootoog soos ‘n kalf,” het hy my graag geterg
8 en min geweet hoe eendag groot-verras sý blik sou rek.

9 Kortom, hy wat strikke ken en ieder voël kon lok,
10 die kry ‘n dwaalkoeël agterlosig in die kop.

11 Totaal ‘n amateur, verspeel hy daar en dan,
12 aaklig openbaar, die uitgelese rol van martelaar.

13 Ek, wat sindsdien dood probeer te rym met sin en doel,
14 voel my betrap deur daardie klinkklaar antwoord van ‘n koeël.

- *Groot Verseboek, 2008*

6.1 Op watter historiese tydvak in die Suid-Afrikaanse geskiedenis het die titel heelwaarskynlik betrekking? [1]

6.2 Hoe weet die leser uit strofe 1 dat Kamohelo Metsing nie meer op die plaas bly nie? [1]

6.3 Stel vas waarvoor Kamohelo Metsing in sy jeug bekend/beroemd was en formuleer jou antwoord in ‘n enkele volsin. [1]

6.4 Reël 2 en reël 4 hou verband met die omstandighede waarin Kamohelo Metsing dood is. Verduidelik hierdie omstandighede in ‘n enkele volsin. [1]

6.5 Watter teenstelling/teenstrydigheid wil die spreker in strofe 3 aan die leser voorhou? [1]

6.6 Tussen die eerste en tweede versreël van elk van die eerste vyf strofes is daar ‘n duidelike tydsprong. Stel vas wat hierdie tydsprong behels en formuleer jou antwoord op ‘n duidelike wyse. [1]

6.7 Hoe beïnvloed die inligting in r.10 jou siening omtrent die veiligheid van die mense in die hedendaagse gemeenskap? [1]

6.8 Watter verkeerde daad/dade/neiging, wat in dié gedig aangespreek word, kom steeds in die hedendaagse samelewing voor? [1]

6.9 Haal die reël aan wat suggereer dat die spreker nie kan vrede maak met Kamohelo Metsing se dood nie. [1]

6.10 Van watter strofebouvorm maak die digter deurgaans gebruik? [1]

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

Vraag 7

DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE - Eleanor Baker

OPSTELVRAAG:

Voor Iris se ontmoeting met Peter het sy verskeie fantasiekarakters geskep om die werklikheid te ontvlug. Na haar ontmoeting met Peter is die werklikheid vir haar interessanter, verdwyn haar fantasiekarakters en ontwikkel sy ook as karakter.

Skryf ‘n opstel van 400 – 450 woorde oor die stelling en verwys in jou antwoord na die volgende aspekte:

- Die redes waarom Iris ‘n fantasiewêreld skep.
- Verskeie fantasiekarakters soos:
  - Richard
  - Eduard
  - Greta en Peter
- Peter wat deel van die werklikheid is.
- Jou mening of Iris as karakter ontwikkel het. [25]

OF

Vraag 8

KONTEKSTUELE VRAAG: DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE Eleanor Baker

Lees die onderstaande uittreksels noukeurig en beantwoord dan die vrae wat daaroor gestel is.

"Nie bedags nie." Hy het my aan die arm gevat en ons het begin loop terwyl hy feite aframmel, soos hoeveel bome daar groei, hoe groot die oppervlakte is, hoeveel mere en dammetjies daar is en waarvoor die park alles gebruik word. As hy 'n besondere mooi sneeubelaaide boom gesien het, moes ek met my nuwe stewel soontoe ploeg sodat hy 'n foto kon neem. Dit was vir my onbegryplik waarom hy my wou afneem, ek was ongegrimeer en ek het geweet my neus raak rooier en natter hoe verder ons loop. Daarby was daar vir my iets twyfelagtigs in my gewilligheid om tog te doen wat hy vra. Waarom sit ek so maklik my glas (of koppie) neer en volg as iemand vir my sê: "Kom"?

8.1 Waar bevind Iris haar? (1)

8.2 Wie is die hy waarna verwys word? (1)

8.3 Waarom wil hy Iris afneem? (1)

8.4 Hoe skakel hierdie gedeelte met die titel van die boek? (2)

8.5 Een van die betekenisse van Iris se naam is 'n gedeelte van die oog wat ook 'n iris genoem word. Hoe is hierdie betekenis van toepassing op die aangehaalde gedeelte? (2)

8.6 By watter ander geleentheid het Iris net so gewilliglik haar glas neergesit en gevolg? (1)

Redding het uit 'n onverwagte oord gekom. Toe ons om 'n draai gestap kom en ek skielik weer vir Fifth Avenue anderkant die reling sien, het ek die een bekende gesig op 'n bankie sien sit, 'n oop kartondosie op sy skoot en 'n plastiekbekertjie aan sy lippe. Die swart taxibestuurder.

8.7 Wie is hierdie taxibestuurder? (1)

8.8 Wat is vreemd ten opsigte van hulle verhouding? Noem twee aspekte. (2)

Sy, wat 'n kop langer was as Jonsie, het onomwonde verklaar dat sy nooit so iets sou doen nie. Geen man sou vir haar voorskryf wat sy met haar lewe moet doen nie.

"Dit was nie net Peter nie," het ek my verdedig. "Ek was self nie lus daarvoor nie."

Dit het haar nie tevrede gestel nie. Sy het Peter eintlik net uit foto's geken, maar sy het die familie bestook met vrae oor sy karakter en herkoms. As Jonsie so redelik was, waar kom die chauvinisitiese vark vandaan? wou sy weet.

8.9 Na watter gebeure verwys Merel hier? (1)

8.10 Ons lees ook van twee ander geëmansipeerde vroue in die verhaal. Wie was hulle? (2)

8.11 Het hulle siening enigsins deur die loop van die verhaal verander? Verduidelik. (2)

8.12 Iris gebruik ook in haar fanasieë 'n sterk vroue-karakter, Gretha. Om watter rede kan ons sê sy pas by die twee vroue genoem in Vraag 10.10? (1)

En daar, doodluiters voor die venster, het die Engel gestaan, rustig besig om sy vlerke glad te stryk. "Nou het jy te ver gegaan," het ek getier en gesorg dat die deur toe is. "Jy behoort van jou vlerke gestroop te word. Jy moet herroep word vir indiensopleiding."

8.13 Hoe het Iris aan die engel gekom? (1)

8.14 Wat is die funksie van die engel in Iris se lewe? (2)

8.15 Tot watter insig bring die engel Iris? (2)

8.16 Die storielyn/intrige vind binne drie vlakke plaas. Noem hierdie drie vlakke. (3)

[25]

AFDELING C

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

***MIS* – Reza de Wet**

Skryf 'n opstel van 400 – 450 woorde waarin jy die volgende karakters uitbeeld:

- Miem as tiepiese Calvinistiese moederfiguur, haar swakhede en tekortkominge wat lei tot die uiteindelike verloop van die drama.
- Die uitbeelding van Meisie en Gertie as karakters.

[25]

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG

***MIS* – Reza de Wet**

Lees die onderstaande uittreksel en beantwoord dan die vrae.

MEISIE: Dankie. As dit vol is, is dit baie swaar. As jy een kant vat, dan vat ek die ander kant.
KONSTABEL: Dis goed so.
MEISIE (*bly*): En as ons baie
Die KONSTABEL staan op. MEISIE neem sy arm en lei hom na die emmer.
Sy sit sy hand op die handvatsel.
MIEM: Dit is gaaf van u, Konstabel.
MEISIE en die KONSTABEL beweeg met die slopemmer na die agterdeur.
Van die inhoud spat uit.
MIEM: Meisie, sê vir die konstabel van die drie trappe op na die kleinhuisie.
MEISIE: Ja, Ma. (*Maak die deur oop)*
Die sirkusmusiek kan gehoor word. MEISIE en die KONSTABEL na buite.
MIEM (*trap versigtig oor die spatsel, gaan staan by die deur en kyk agterna*): En moenie op die flappe trap nie. Hulle word vanjaar so mooi. (*Sag aan GERTIE)*
Die tweetjies kom nogal goed klaar.
GERTIE gaan sit op die stoel langs die stoof.
MIEM: Dit is baie koud. Vannag kan dit nog ryp. (*Kort stilte*) Die aaklige musiek! As ek net dink ... (*gril*) glo towenaars en halfkaal mense wat aan toue swaai.
GERTIE: En die spul was nog vanmôre deur die strate ook.
MIEM: En het jy gekyk?
GERTIE: Wat anders kon ek maak? Ek wou net die straat oorsteek toe kom hulle verby.
MIEM: Dit was seker ’n spektakel!
GERTIE: Daar was perde met pluime en vrouens met baie min klere aan op die perde. Daar was narre wat hard op vals trompette gespeel het en ’n klein dwergie met ’n wit gesig ...
MIEM*:* Hou tog op. Ek wil nie verder hoor nie. *(Sy sug en skud haar kop. Sy kyk weer uit. Stilte)*
GERTIE: Waar bly hulle! Kan jy iets sien?
MIEM: (*byna teer*): Ja. Onder die perskeboom. Hulle praat met mekaar.
GERTIE: (*vinnig op*): Laat ek sien. (*Beweeg na die deur*)
MIEM: Pasop. Daar is ’n spatsel!
GERTIE spring oor die spatsel.
GERTIE (*loer uit*): Vir wat fluister hulle so? En staan so dig teen mekaar.
MIEM: Daar’s niks mee verkeerd nie. Hy is ’n gawe jong man.
GERTIE: Hy is veels te oud vir haar.
MIEM: Aag, nee wat, Gertie. So ’n paar in die twintig sou ek sê.
GERTIE: Ek is jammer, Miem, maar daar maak jy ’n fout. ’n Blinde mens lyk altyd jonger.

41 MIEM: Praat tog sagter. Netnou hoor hy jou. Wie weet, miskien is sy ore so
42 goed soos sy neus. Gertie! Moet net nie daarin trap nie.
(*Kyk uit. Dromerig*)
43 As sy trou, sal hy afkom. Hy sal net moet. Hy sal beskaamd wees
as sy dogter
44 weggegee word deur 'n ander man.
45 GERTIE (*skielik skel en hard*): Kom in, julle twee! Julle wil nie koue vat nie!

10.1 Waarvoor bedank Meisie die konstabel? (1)

10.2 As jy een kant vat ... " (reël 1)
Wat kan 'n mens aflei uit die manier waarop Meisie die konstabel aanspreek? (1)

10.3 Die drama is in die verlede gesitueer.
Verduidelik hierdie stelling deur na TWEE kontekstuele faktore in reël 10 – 19 te verwys. (3)

10.4 Lees weer die neweteks in reël 8.
Verduidelik waarom die agterdeur binne die konteks van die ruimte van die drama so belangrik is. (2)

10.5 Lees weer die neweteks in reël 12.
10.5.1 Wat was Miem se houding teenoor sirkusmusiek? (1)
10.5.2 Watter ruimte word deur die sirkusmusiek aangedui? (1)
10.5.3 Toon kortliks aan hoe hierdie ruimte (die antwoord op VRAAG 16.5.2) verskil van die ruimte waar Miem haar bevind. (2)

10.6 Lees weer reël 13 en 14.
10.6.1 Skryf TWEE woorde uit hierdie reëls neer wat in kontras met mekaar staan. (2)
10.6.2 Die woord "flappe" (reël 14) verwys na blomme.
Wat is die simboliek van die deurlopende verwysings na blomme in die drama? (2)

10.7 Watter begeerte van Miem word deur reël 15 en die neweteks in reël 31 geïmpliseer? (1)

10.8 Lees weer reël 21 – 23, 28 en 36 – 44.
Vergelyk nou Miem en Gertie se karakters aan die hand van hul dialoog. (2)

10.9 "Waar bly hulle! Kan jy iets sien? " (reël 30)
10.9.1 Wat is die werklike rede agter Gertie se vraag oor waar Meisie en die kontabel is? (1)
10.9.2 Verklaar die ironie in Gertie se vraag aan Miem: "Kan jy iets sien? " (2)

10.10 "... miskien is sy ore so goed soos sy neus" (reël 41 – 42).
Na watter episode, wat vroeër daardie aand plaasgevind het, verwys Miem hier? (2)

10.11 “As sy trou, sal hy afkom” (reël 43).

10.11.1 Na wie verwys “*hy*” in hierdie reël? (1)

10.11.2 Wat was die oorsaak van die feit dat die “hy” nie wil afkom nie? (1)

[25]